

Hoofstuk van die dag: Matteus 24

> *Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. (vers 36)*

As ’n mens hierdie woorde van Jesus lees, skrik jy eintlik.

Oorloë, verwoesting, ontwrigting, ellende … Tog, in dieselfde profetiese rede is daar ook sprake van gewone daaglikse lewe (vers 40).
Soos ek dit verstaan, sien Jesus hier iets van die toekoms, maar nie alles wat Hy voorspel, gebeur in dieselfde tyd nie. Die waarskuwing om na die berge te vlug, het bv. betrekking op die val van Jerusalem in 70 n.C. Toe wás daar verskriklike ellende. Ander voorspellings, soos die ontwrigting van die natuur, kom eers heelwat later. Dis dalk wat ons nou beleef?
Jesus erken self dat Hy nie weet presies wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie. Dis asof Hy deur ’n baie sterk telefoto-lens na die toekoms kyk, en dit verwring die beeld sodat dit lyk asof dinge wat ver uitmekaar lê, bymekaar is.
Wanneer ons van die dinge beleef waarvan Jesus praat, soos die liefde vir God wat verkoel (vers12), moet dit ’n wekroep wees. Dis soos die voetstappe van die Here wat nader kom (vers 33). Dit roep ons op om waaksaam te wees (vers 42).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026